Novare SA Terroir Wyntoekennings (13de)

2018 Konsep en Katalogus (katalogus, kontakbesonderhede op bl. 3, 4)

Die beste wat verskillende grond en klimaat in verskillende gebiede na vore bring, staan uit en kry erkenning. Slegs wyne wat **GESERTIFISEER is as Wyn van Oorsprong (WO) van 'n ENKELWINGERD, LANDGOED, WYK of DISTRIK in nie meer as een wyk verdeel** mag ingeskryf word. Die voorraadvereiste is slegs 180 liter (20 twaalfbottel kiste). Die mees eksklusiewe wynkompetisie ter wêreld weens die oorsprong reëls.

Die beoordelaars is sewe plaaslike wynkenners met kwalifikasies en ervaring van Suid-Afrika se verskeidenheid wyne: **Die Nasionale Wenners van SA Terroir Wyntoekennings sal by die toekenningsfunksie met sertifikate vereer word. Die wenners van areas sal in die amptelike uitslae-dokumentasie aangekondig word en sertifikate is beskikbaar op bestelling. Bottel-seëls is ook op bestelling beskikbaar aan nasionale wenners asook die distrik/wyk-wenners.** Die Wyn- en Spiritusraad ondersteun die konsep van die kompetisie en onderneem om die geldigheid van al die inskrywings te monitor. Die agste **Novare Trofee vir SA Terroir Top Wynlandgoed,** neënde **Novare Trofee vir SA Terroir Top Wyn-Area,** vyfde **Novare Trofee vir die SA Terroir Top Produsent** en derde **Novare Trofee vir SA Top Enkelwingerdwyn** word toegeken, terwyl die **Novare SA Terroir Top 5 Landgoedwyne** ook aangekondig word.

SA Terroir Wyntoekennings: Areas

Slegs wyne gesertifiseerd as WO van 'n Enkelwingerd, Landgoed, Wyk en Distrik wat nie in wyke onderverdeel is, kan deelneem. Hierdie indeling is om die beste van die wyne uit hul areas aan te wys.
LW: Elke wyn is 'n kandidaat vir die verwante area toekenning asook die nasionale SA Terroir Toekenning.

Robertson Distrik en Swellendam Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Breedekloof Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Worcester Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Klein Karoo Streek, Swartberg en Prins Albert Wyke Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Constantia Wyk, Houtbaai Wyk en Cape Point Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Durbanville Wyk en Philadelphia Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Paarl Distrik Terroir Toekennings (insluitend Paarl-wyke)
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Simonsberg-Paarl Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Wellington Distrik en Voor-Paardeberg Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Franschhoek-vallei Distrik
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Stellenbosch Distrik Terroir Toekennings (insluitend Stellenbosch-wyke)
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Jonkershoek Wyk en Banghoek Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Devon Valley, Papegaaiberg en Polkadraai Heuwels Wyke Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Simonsberg-Stellenbosch Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Bottelary Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Swartland Distrik en Darling Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Tulbagh Distrik, Ceres Plateau Distrik en Ceres Wyk Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Olifantsrivier Streek, Citrusdal Mountain Distrik, Lutzville Vallei Distrik, Lambertsbaai en Cederberg Wyke Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Overberg Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Elgin Distrik Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Walker Bay en Kaap Agulhas Distrikte Terroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

Plettenberg Distrik Terrroir Toekennings
Top wyn van elke kultivar, top rooi en wit versnit, top vonkelwyn, top rosé, top dessertwyn

SA Terroir Wyntoekennings: Nasionale Wenners SA Wynstreek

ANDER KULTIVARS: Indien selfs net een inskrywing van uitsonderlike gehalte is, sal die top wyne van kultivars soos Colombar, Viognier, Riesling, Semillon, Petit Verdot, Pinot noir, Cabernet Franc, Zinfandel, Malbec, gefortifiseerde nie-muskat, ens. ook aangewys word.

Top Cabernet Sauvignon
Top Chardonnay
Top Chenin blanc
Top Merlot
Top Pinotage
Top Sauvignon blanc
Top Shiraz
Top Rooi versnit
Top Wit versnit
Top Rosé
Top Vonkelwyn
Top Port
Top Gefortifiseerde Muskaat
Top Natuurlike Soetwyn (Edellaatoes, Spesiale Laatoes en Natuurlike Soet)

SA Terroir Wyntoekennings: kontakbesonderhede, prosedures en reëls.

Projekdirekteur:	Marius Labuschagne van ML Kommunikasie *(Wynpromosies, media-agent, wynskrywer)*
Adres:	Zandkloofstraat 20, Zandkloofpark 5, Durbanville 7550
Telefoon en e-pos:	021 975 8166. mlab@iafrica.com.
SA Terroir Webtuiste:	www.terroirwineawards.co.za
BORG:	**NOVARE. www.novare.com**
Projekkoördineerder:	Elma Brand. **NUWE KONTAKBESONDERHEDE:** Tel. 083 228 5651. E-pos: info@terroirwineawards.co.za

2018 PROGRAM

Inskrywings sluit:	Dinsdag 19 Junie 2018
Lewering van monsters:	Donderdag 21 Junie en Vrydag 22 Junie 2018
Beoordeling:	Woensdag 4, Donderdag 5 en Vrydag 6 Julie 2018
Bekendstellingsfunksie:	Woensdag 25 Julie 2018

PROSEDURES

1 **INSKRYWINGS** (Inskrywingsvorm is aangeheg aan e-pos wat aan u gestuur is, maar is ook beskikbaar op die webwerf www.terroirwineawards.co.za, of tree in verbinding met Elma Brand).

- Inskrywings sluit op Dinsdag **19 Junie** 2018 om 16:00. Die korrektheid van inskrywingsvorms is die verantwoordelikheid van die deelnemers en foutiewe inskrywings sal ongelukkig gediskwalifiseer moet word, in welke geval inskrywingsgeld nie terugbetaalbaar is nie.
- **Inskrywingsvorm en bewys van betaling na nuwe e-pos adres: info@terroirwineawards.co.za**
- **LW: Afskrifte van die WSR 2A sowel as WSR 4A sertifikate moet by die inskrywingsvorm aangeheg word.**

2 **INSKRYWINGSFOOIE**

- Inskrywingsfooi beloop R630.00 plus 15% BTW = R724.50 per inskrywing. (15% BTW vanaf 1 April).
- Inskrywings kan slegs aanvaar word saam met ’n bewys van bank-inbetaling (of as die inskrywingsfooi die inskrywingsvorm vergesel):

Bankbesonderhede: ML Kommunikasie. ABSA tjekrek. no: 103 729 1010. Takkode: 334-210

3 MONSTERS VIR BEOORDELING

Die volgende hoeveelhede glasbottels per inskrywing word benodig:

- 3 van 750 ml of kleiner
- 2 van 1500 ml of groter

4 LEWERING VAN MONSTERS (Nuwe adres):

Die monsters vir beoordeling moet op **Donderdag 21 Junie** en **Vrydag 22 Junie 2018** afgelewer word.
NEEM KENNIS: Die nuwe adres vir aflewering by die proelokaal:
***Vorentoe* lokaal op die R304 in die Koelenhof area tussen Stellenbosch en die N1. Vanaf Stellenbosch is dit ‘n wit gebou aan die regterkant, langs Vrede Wine Farm. Die afdraai is oorkant Country Fair. Vanaf die N1 is dit die wit gebou aan die linkerkant net na Koelenhof Wynkelder en Vorentoe Farm, die afdraai oorkant Country Fair. Tekens sal by die afdraai en hek opgesit word.**
(Navrae vir aflewering, bel Marius Labuschagne: 079 640 6800).

REËLS EN REGULASIES

- Slegs een inskrywing van dieselfde wyn onder dieselfde etiket ten opsigte van oesjaar en/of kultivar en/of oorsprong waar van toepassing, mag gemaak word.
- **Slegs wyne gesertifiseer as Wyn van Oorsprong enkelwingerd, landgoed, wyk en distrik wat nie in meer as een wyk verdeel is nie**, en in 375ml, 500ml, 750ml, 1000ml, 1500ml, 3000ml, 4500ml, 6000ml en 9000ml glasbottels gebottelleer is, mag ingeskryf word.
- 'n Minimum van slegs 180 liter per spesifieke bottelgrootte waarna hierbo verwys is, van die wyn wat ingeskryf is, moet op die sluitingsdatum van die inskrywings gebottel en voorlopig of finaal sertifiseer wees. 18 Bottels van bogenoemde hoeveelheid moet deur Nasionale Wenners beskikbaar gestel word vir die bekendstellingsfunksie. Alle wyne moet voor die lewering van die monsters vir beoordeling finaal gesertifiseer wees. **LW: Afskrifte van die WSR 2A sowel as WSR 4A sertifikate moet by die inskrywingsvorm aangeheg word.** 'n Amptelike WSR ontledingsertifikaat moet by die inskrywingsvorms aangeheg word, maar die organiseerders behou hulle die reg voor om ontledings by 'n erkende laboratorium te laat doen in welke geval laasgenoemde ontleding as beslissend beskou sal word.
- Indien daar volgens die beoordelaarspaneel by meer as 1 bottel per inskrywing kurkkontaminasie voorkom, sal die inskrywing gediskwalifiseer word.

PROEPROSEDURE

- Alle wyne sal deur 'n paneel van 7 ervare beoordelaars beoordeel word.
- Beoordeling in 2 fases. Die eerste fase dien as uitdunrondte en die 20 punt-proekaart word gebruik. Nasionale Wenners word dan deur rangorde puntetoekenning bepaal.

KLASSE

1. Droë witwyn met suikergehalte van 5,0 g/l of laer
2. Halfdroë witwyn met suikergehalte 5,1 tot 12,0 g/l
3. Droë rooi kultivar gesertifiseerde rosé met 'n suikergehalte van 5,0 g/l of laer
4. Halfdroë rooi kultivar gesertifiseerde rosé met 'n suikergehalte van 5,1 tot 12,0 g/l
5. Droë rooiwyn met suikergehalte van 5,0 g/l of laer
6. Halfdroë rooiwyn met suikergehalte 5,1 tot 12,0 g/l
7. Spesiale laatoeswyn
8. Soet natuurlike wyn met suikergehalte hoër as 20,0 g/l
9. Edellaatoeswyn met suikergehalte hoër as 50,0 g/l
10. Ekstra droë Cap Classique Vonkelwyn met suikergehalte van 15,0 g/l of laer
11. Droë Cap Classique Vonkelwyn met suikergehalte 15,1 – 35,0 g/l
12. Rooi Port
13. Gefortifiseerde Wit Muskaat
14. Gefortifiseerde Rooi Muskaat
15. Gefortifiseerde Wit Nie-Muskaat
16. Gefortifiseerde Rooi Nie-Muskaat